



klein geloof

Downloaded from eduresourceza.com

- die kabouter is uit my tuin gesteel
- en kersvader kom nooit meer op sy slee
- die tandmuis was net my ma
- en paddaprinse is amfibeë
- Armstrong was die man op die maan
- en my melkskommelweg het versuur
- drake is dinosourusse
- lugkastele is argitektuur
- ek het ál my sprokies brand gestee
- Realisme, Feite, Wetenskap:
- EK KAN BEWYS!
- maar waarom slaap ek met my lig nog aan
- stoei met die monsters onder my bed
- en waarom bid ek elke dag
- dat die Prins op die donkie my moet red?

Downloaded from eduresourceza.com

- Tanja Joubert



Klein geloof

Die dinge van die ek-spreker se jeug is nie meer daar nie

Kwatrijn: 4 versreëls

Strofe 1

- die kabouter is uit my tuin gesteel a
- en kersvader kom nooit meer op sy slee b
- die tandmuis was net my ma c
- en paddaprinse is amfibeë b

- Simbolies van kleintydse geloof: Kabouter, kersvader, tandmuis, paddaprinse
- Ui – assonansie
- K- alliterasie
- S- alliterasie
- Rym- abcb
- Elemente van fantasie – sprokies, fabels, mites – opgemaakte stories
- Die – bepaalde lidwoord – spesifieke kobouter
- My – Besitlike voornaamwoord. (haar tuin / ek spreker)





Strofe 2

Die ek-spreker weet dat die wetenskap alles kan verduidelik.

Kwatryn.

- Armstrong was die man op die maan
- en my melkskommelweg het versuur
- drake is dinosourusse
- lugkastele is argitektuur


a

b

c

b

- Hoofletter – ruimtevaarder se van.
- Simboliek - Kleintydse geloof: Man op die maan, melkskommelweg, drake, lugkastele
- M- alliterasie d-alliterasie
- Man op die maan: r.1 Duitse legende van man wat op man loop met 'n sak hout op sy rug.
- Rym: abcb – eindrym
- Woordspeling: Melkweg / melkskommel melkskommelweg (neologisme.)
- Melkskommelweg: nie meer so magies nie / melkskommel –versuur – nie meer so lekker nie.
- Lugkastele: fantasie – verwys na dagdrome – kan nie altyd waar word nie



Strofe 3

Die ek-spreker vervang (replace) fantasie met Realisme, Feite, Wetenskap. Verlies van onskuld. Magiese fantasiewêreld word met feite vervang.

Tersine: 3 versreëls

- ek het ál my sprokies brand gestee
- Realisme, Feite, Wetenskap:
- EK KAN BEWYS!

a

b

c

- ál – Beklemtoon die woord – niks het oorgebly nie. Brand dui ook op reiniging.
- Hoofletters: Elke woord is belangrik – word uitgehef /beklemtoon.
- Kommas: Behou beweging-spreker maak n lys – elke woord is belangrik.
- Dubbelpunt: Verduideliking volg in r.11.
- Uitroep +Hoofletters:Bekelmtoon die spreker se oortuiging. Werklikheid(hoofletters) oorwin fantasie(kleinletters)



Strofe 4

Die ek-spreker is nie oortuig dat die wetenskap altyd alles kan bewys nie.

Kwatrijn

- maar waarom slaap ek met my lig nog aan a
- stoei met die monsters onder my bed b
- en waarom bid ek elke dag c
- dat die Prins op die donkie my moet red? b

4 versreëls

- Wending: maar
- Vraagwoord : waarom– dui op onsekerheid. Toon verander van seker na onseker.
- Assonansie: aa-klank
- Simboliek: Monsters- kleintydse geloof/verse.
- Metafoor: Monsters = probleem/verse.
- Alliterasie: m-klank (verbind die monsters met haar).
- Metafoor: Prins = Jesus Christus seun van God
- Alliterasie: d-klank
- Vraagteken: dui op 'n vraag. Beklemtoon die vraag.



Titel

- Die titel speel met die woorde klein en geloof.
- Sinonieme: klein
 - Nie groot nie (not big)
 - Kleiner as die gewone (smaller than normal)
 - Kort (short)
 - Jonk (young)
 - Onvolwasse (immature)
 - Onbelangrik (unimportant)
 - Swak (weak)
- Geloof
 - Vertroue in iets of iemand(trust in someone or something)
 - Oortuiging (conviction)
 - Gelowigheid (faithfulness)
 - Bygeloof (superstition)
 - Godsdiens (religion)



Downloaded from eduresourceza.com
Die titel verwys na kleintydse geloof/kinderlike geloof en die geloof van kind; ook klein/swak/onvaste geloof en dui ook op kleingelowigheid.





Tema

- Verbeelding (imagination), geloof (faith/belief) en grootword (growing up), sowel as onverklaarbare geloofsoortuiging (inexplicable religious conviction).
- Ten spyte van alles **wat bewys kan word** (can be proven) deur die **wetenskap**, is daar steeds dinge van die wêreld wat **onverklaarbaar** (inexplicable) is.
- **Boodskappe**
 - Die **grootwordproses** (growing up) kan baie vinning gebeur en is dikwels 'n **ontnugtering** (disillusionment)
 - Die lewe is nie 'n sprokie nie. (fairy tale) – werklikheid is baie anders.
 - Selfs volwassenes het vrae en verse.
 - Selfs volwassenes glo dikwels soos n kind.





Spreeker, Toon en stemming.

- **Ek- spreeker:** Tienermeisie – sy praat in die eerste persoon – ek en my.
- In strofe 4 vra sy 'n vraag wat suggereer dat sy met **haarself praat** sy is dus die spreeker maar ook die aangesproke persoon
- **Aangesprokene:**..
- **Stemming:** Selfversekered na wending onseker.
- **Toon:** Minagtend (disdainful), saaklik (to the point) strofe 4 verander na vertwyfeling (uncertainty).



Bou

- Vrye vers
- 4 strofes (3 kwatryne en 1 tersine)
- 15 versreëls
- Korste reël. (r.11) : EK KAN BEWYS! – Hoofletters en lengte van reël beklemtoon die reël as die klimaks van die gedig.



Rym

Volrym (eindrym)

- Gebroke rym en geen rym.
- Gebroke rym: Reël 2 en 4 van strofe 1,2,en 4. rym
 - Rymskema: abcb.
- Geen rym: Stofe 3.
- Halfrym:
 - Alliterasie en assonansie




Hoofletters

- Die gewone gebruik van hoofletters kom nie voor nie.
- Armstong : Van
- Realisme, Feite, Wetenskap
- EK KAN BEWYS! – Uitroep
- Die gebruik van kleinletters sluit aan by die titel en dui op kleintyd/ onskuld.
- Die afwesigheid van hoofletters maak die gedig ook universeel. Almal ervaar onsekerheid verse ens.



Intertekstualiteit

- **Paddaprinse** (r.4) verwys intertekstueel na 'n karakter in die sprokie, Die paddaprinse of die prinses en die padda.
- **Prins op die donkie** (r.15) verwys intertekstueel na die verhaal van Jesus wat Jerusalem op die rug van 'n donkie binne gery het.



Kontras

Fantasie

- Sprokies
- Verbeelding
- Innerlike kind
- Kindwees
- Klein /jonk
- Pret
- onskuldig

Werklikheid

- Realiteit
- Werklikheid/wetenskap / feit
- Volwasse
- Grootmens lewe
- Groot
- Verantwoordelikhede
- Ontnugtering

